

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Moolman v S (A362/2009) [2009] ZAGPPHC 367 (8 December 2009)

[2009] ZAGPPHC 367

COURT

North Gauteng High Court, Pretoria

BEFORE

R D Claasen, L Phatudi

CASE / FILE NUMBER

A362/2009

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE NOORD GAUTENG HOE HOF, PRETORIA

[REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA]

SAAKNOMMER: A 362/2009: 23.11.2009

DATE: 8 DECEMBER 2009

NOT REPORTABLE

In die saak tussen

KOBUS

MOOLMANAppellant

en

DIE STAAT

.....Respondent

UITSPRAAK

1

Die Appellant het in die Streekhof te Benoni tereggestaan op 'n aanklag van poging tot moord en is skuldig bevind en is 5 jaar gevangenisstraf opgele. Die Appellant kom nou in hoer beroep teen die skuldigbevinding sowel as die vonnis.

2.

Die Appellant se regsverteenvoerder het 2 hoofpunte geopper in kritiek teen die skuldigbevinding. Die eerste een is dat die Landdros haarself moes rekuseer van die verrigtinge omdat sy die borgaansoek ook hanteer het en tweedens dat die Landdros versuim het om die getuies van die Staat se weergawes na behore te ontleed en by gevolg nie bevind het nie dat die beskuldigde/Appellant se weergawe redelik moontlik waar kan wees.

3.

By die aanvang van die verhoor en voordat die klaagster getuig het, het die Hof a quo pertinent aan die verdediging geste! dat sy reeds sekere getuienis aangehoor het met betrekking tot die meriete van die saak tydens 'n borgaansoek. Sy het spesifiek gevra of die verdediging enige beswaar het dat sy voortgaan met die verhoor. Die verdedigingsadvokaat, Mev Botha het duidelik geantwoord en ek haal aan. "Nee Edelaagbare ek het dit met my klient opgeneem. ons het nie 'n beswaar nie.' Die verdere beswaar teen die Landdros was dat daar sekere getuienis aangebied is by die borgaansoek wat gebots het met die getuienis in die verhoor. Daar mag sulke getuienis wees maar is eerstens baie vaag en tweedens was dit slegs die ondersoekbeampte wat in effek hoorse getuienis gegee het wat die getuies se verklaringe sou behels. Onder daardie omstandighede is die botsings van geen wesenlike waarde nie te meer nog omdat die ondersoekbeampte seif nie by die verhoor getuig het nie. Wat my betref is daar niks in hierdie punt nie

4.

Daar is ook betoog dat die Landdros subjektief was omdat sy die borgaansoek gedoen het en blootgestel was aan foto's van die klaagster na die aanranding en dat sy dus subjektief beïnvloed is. Ek kan geen sodanige tekens van subjektiwiteit en vooroordeel sien me. trouens die lees van die rekord maak 'n goeie indruk in daardie verband op die Hof

5.

Wat betref die waarskynlikhede en geloofwaardighede het die Landdros sekere sterk bevindings gemaak. Sy het die hoofgetuie namens die Staat naamlik klaagster se dogter, Mej Kleynhans. as 'n baie goeie en objektiewe getuie bestempel. Dit is so dat daar gaan direkte getuienis is vanaf die Staat se kant oor presies hoe die klaagster aangerand is nie. Dit is gemeensaak dat daar 'n stryery was waar die klaagster by die Appellant se moeder se woning teenwoordig was. Die getuie, Kleynhans. het ook glase

hoor val en breek Dit is die Appellant se weergawe dat die klaagster geval het op die stukke glas en sodoende haar gesig

geskend het met die verskeie beserings Daar is ten minste 4 snye op haar gesig wat almal 4 tot 5 sentimeter lank is. Drie van die snye kom voor op haar voorkop. Die ander beserings is bokant haar neus, dan onder haar linker oog dan op haar lip van die onderkant van die lip tot teen die regter neusvleuel en dan een onder die onderste lip feitlik tot op die ken Daar blyk ook snye te wees aan die regterkant van haar mond soos inderdaad ook aangedui deur die dokter en die J88 mediese ondersoekvorm Sy het ook oppervlakkige snye gehad aan haar regterhand en skaafwonde op albei arms naby die elmboog. Daar was ook 'n snywond aan die agterkant van

haar kop en 'n skaafwond aan die linkerkant van haar nek. Daar was ook 'n snywond bo-op die neus en kleinerige steekwondjie ook aan die iinkeroog langs die neus en onder die wenkbrou van die linkeroog en nog een links van die linkeroog in 'n halfmaan

6.

Die dokter het getuig dat hy nie hierdie wonde kan versoen opgedoen deur in glasstukke te val nie. Hy het gesê die snye sou meer oneweredig gewees het terwyl 'n mes duidelik 'n reguit skerp wond maak. Hierdie wonde was dan ook almal skerp gesnyde wonde. Verder het hy ook getuig dat as sy met haar gesig in die glasstukke geval het, sou mens nie snye verwag op dieper liggende dele van haar gesig nie maar eerder aan die uitwendige en uitstekende dele soos byvoorbeeld haar neus of ken of voorkop, waar sy geval het, maar verseker nie ook onder die neus en onder die linkeroog me. Om daardie redes se hy kan hy nie glo dat dit veroorsaak kon gewees het deur die val in die glasstukke nie Daar is ongelukkig nie 'n foto of 'n beskrywing van hoe en waar die glasstukke geïe het en oor hoe 'n groot area nie.

7.

Die dokter se getuïenis soos gese was deurgaans dat eerstens 'n glas 'n onewe rand maak terwyl 'n skerp mes 'n ewe of gelyke rand sou maak Verder het hy gese dat indien die persoon op glasskerwe op die grond val, sal daar veelvuldige besenings wees Dit punt is egter dat indien gekyk word na foto 2, soos mgehandig by die verhoor en soos voorheen gemeld, is daar duidelik veelvuldige steekmerke Afgesien van die groot snywonde is daar ook klein wondjies soos gemeld bokant die linkeroog net onder die wenkbrou en ook nader na die neus toe asook die wond op die voorkant van die neus en op die regterhoek van die mond en lyk dit ook asof daar kleiner steekwondjies is bokant die regteroog Die wonde onder die lip is ook nie in 'n reguit lyn me maar reghoekig teenoor mekaar. Dit Is vir my moeilik om te verstaan hoedat 'n persoon tydens 'n struweling so baie steke sal toedien met 'n mes in sulke verskillende posisies Op die oog af van die foto lyk dit vir my meer soos 'n persoon wat steekwonde opgedoen het vanweë gebreekte glas waarin sy geval het Dit sluit nie noodwendig messteke ook uit nie maar Indien daar bevind word dat daar wel glassteekwonde is en in die lig van die ontkenning van die beskuldigde dat hy wel met 'n mes gesteek het en sonder enige ander direkte getuïenis is dit vir my moeilik om te sê dat die Staat 'n redelike twyfel bewys het dat hierdie wonde slees met 'n mes toegedien is. Maar dit sluit nie 'n aanranding met 'n mes ook uit me Dar moet na al die getuïenis gekyk word.

8.

Ten spyte van die voorgaande probleme van die mediese getuïenis is daar een ander belangrike aspek wat aangeraak moet word Oit is die kwessie van geloofwaardigheid, veral tussen Me Kieynhans en die Appellant Soos vermeld het die Hof a quo baie waarde geheg aan Me Kieynhans se getuïenis Aan die ander kant het hy die Appellant se getuïenis verwerp veral vanweë sekere weersprekings tussen hom en sy moeder wat ook namens hom getuig het. By nales van die oorkonde en veral die getuïenis van die Appellant en sy moeder kom mens tot die indruk dat die twee persone amper oor twee verskillende gebeurtenisse praat, daar is soveel verskille tussen hulle. Om net 'n paar voorbeelde te noem: Appellant sê die klaagster het sy ma gevloek. Mev

Brown, die ma ontken dit. Appellant se hy het die klaagster gestamp

- Mev Brown sê dit het nie gebeur nie, sy het seif by haar, wat Mev Brown is. se huis mgehardloop en teen die yskas geval. Appellant s& die klaagster het uitgehardloop en hy het agterna gegaan om te kyk of sy reg is -Mev Brown sê hy het glad nie uitgegaan nie Die Appellant se hy het saam met die klaagster by sy ma se huis gewag dat sy oopmaak - Mev Brown se sy was nie daar me. sy het eers mgehardloop nadat die Appellant reeds in die huis in is. Appellant het gese sy het sy moeder gevloek maar die moeder s6 sy het haar nie gevloek nie, maar die moeder se hy het gese “come tell my mother how did you swear at her”. Appellant se dit het gereen en die vloer was nat - tydens kruisondervraging se Mev Brown dat dit inderdaad nie nat was nie. alhoewel sy vroeër se dit was nat, toe later verander sy dit dat nie nat was van die reen nie maar dat dit was nat vanweS die wyn wat uit kfaagster se glas geval het. Sy bevestig inderdaad dat die vloer droog was. Dan blyk dit ook uit in Mev Brown se getuiens dat die klaagster inderdaad twee maal met haar gesig in die glasstukke geval het. terwyl daar tot op daardie stadium geen sprake daarvan was nie. maar slegs een maal. 'n Ander aspek wat uitgekome het is dat ten spyte van die kruisverhoor wat aan die klaagster en Me Kleynhans gestel is dat dit inderdaad die glas is wat haar gesig geskend het, blyk dit nou onder kruisverhoor van die Appellant en sy getuie dat hulle nie eers seker is dit was die glas nie. want nie een het dit behoorlik gesien nie. Dit was suiwer spekuiasie van hulle kant af

9.

In die lig van die voorgaande kan ek me anders nie as om met die Hof a quo saam te stem dat die Appellant se getuienis hoegenaamd nie aanvaarbaar is me. Aan die ander kant is daar sekere getuienis wat uitgekome het. veral Me Kleynhans se getuienis. wat so spontaan uitgekome het. dat mens me anders kan nie as om dit as geloofwaardig te aanvaar In kruisondervraging meld sy dat een van haar skerp messe uit haar kombuis weg is en dat sy inderdaad vir die Appellant se suster gevra het om dit by haar moeder te gaan kry Drt was vir haar duidelik dat die Appellant die betrokke aand met die messe gespeel het Oit is toe teruggesit in die houer maar die volgende dag toe sy opruim het sy opgemerk dat die een mes weg is. Interessant se sy ook dat as dft sou gereen het in die aand sou daar nie bloed voor die Appellant se ma se huis gele het nie en dat dit weggespoel sou gewees het. Die ander mteressante ding wat Me Kleynhans gemerk het. is dat die Appellant 'n klein sny merkte aan sy hand gehad het en in die gesig - dit is egter nooit opgeklaar waar dit vandaan sou kom nie. Indie giet word op die skaafmerke. moes daar 'n struweling van 'n aard gewees het.

10

Al hierdie faktore lei my tot die onvermydelike gevolg dat die klaagster aileen in die Appellant se ma se huis beseer kon gewees het. dat alhoewel van die besennings miskien deur glasstukke veroorsaak is. was daar verseker definitiewe snymerke soos deur die dokter getuig. Ten minste dne van die groot snymerke was, wat my aanbetref. bo redelike twyfel aangebring deur 'n mes. In die omstandighede kan ek me foutvmd met die skuldigbevinding me.

11

Wat betref vonnis, is die enigste vraag eintlik of die vonnis nie te lig is nie.

Daar is nie vooraf kennis gegee in die verband aan die partye nie en veral in die lig van die feit dat Appellant 'n eerste oortreder is. en dat drank betrokke was by die hele aangeleentheid. is ek nie die menmg toegedaan dat drt geregverdig is om op hierdie stadium in te meng met die vonnis nie. Origens is ek tevrede dat die Landdros n behoorlike diskresie uitgeoefen het en dat die vonnis in die omstandighede heel gepas is Ek stel dan voor dat die skuldigbevmding en vonnis bekragtig word.

Dit word so gelas.

R D CLAASEN

Regter van die Hooggeregshof

Ek stem saam

L. PHATUDI

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPPHC/2009/367.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/moolman-v-s-unknown-topic-agpphc-2009>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria